# KINDERKERK LES: Woord Studie – Genade

**Doel van les:**

Ons gesels hierdie kwartaal bietjie oor moeilike woorde wat in die Bybel voorkom.

**Nuwe Testament Bybelboek bewegings:**

- **Matteus** – Albei hande bokant jou kop in 'n kroon en laat jou hande afsak asof jy die kroon op jou kop sit. (Koningskap van Jesus - God het finaal kom wys wie die Koning van die konings en die Heer van die Here is.)
- **Markus** – Arms af, hande gevou voor jou en kop gebuig. (Beklemtoon Jesus as DIENSKNEG van God.)
- **Lukas** – Hou al tien vingers op, maak hulle toe en weer oop – tien uit tien - (Jesus is die perfekte mens, die Seun van die Mens.)
- **Johannes** – Maak asof jy 'n baba wieg en wys dan op na die hemel. (Jesus is die Seun van God. Beklemtoon Jesus se goddelikheid. Hy is ten volle God.)
- **Handelinge** – Gebruik jou regterhand se wysvinger en middelvinger om op en af jou linkerarm te loop. (Vestiging van die kerk. Evangelie van Jesus na die uithoeke van die wêreld versprei is.)
- **Romeine** – Wys thumbs up. (Paid in full. Beklemtoon dat Jesus die gelowiges se straf ten volle betaal het. Gelowiges in die regte verhouding met God geplaas het.)

**Sê:** Vandag gaan ek vir julle 'n klompie takies gee om te doen. As julle als regkry, gaan ek vir julle elkeen 'n wonderlike prys gee. (Die prys kan wees net wat jy weet sal werk vir jou groep. Dit kan koek wees, party packs met lekkernye in, cupcakes ens.) Wys vir hulle die prys voor die tyd.

**Aktiwiteit 1**: Onmoonlike take: Die takies wat jy vir die kinders gaan gee, moet onmoontlik wees om perfek uit te voer. Hulle moet dit nie kan regkry nie. Die punt is, dat hulle nie die prys sal kan wen nie.

**Lys van onmoontlike take:**

- Elke kind moet drie boeke op hulle koppe balanseer, na die oorkant van die vertrek loop en terug, sonder om die boeke te laat val.
- Elke kind moet drie sout koekies eet, dan kougom kou en 'n borrel blaas direk nadat hulle die koekies ingesluk het.
- Elke kind moet tien maal in die rondte draai en daarna op 'n reguit stuk maskingtape loop na oorkant van die vertrek sonder om van die maskingtape lyn af te trap.
- Loop na die oorkant van die vertrek en terug terwyl hulle 'n lepel met 'n ping pong balletjie daarin vashou.

**Vra:** Dink julle na al hierdie takies, dat julle die prys kan kry? Nee, want julle het dit nie sonder foute gedoen soos ek gevra het nie. So ons kan sê julle het nie die prys verdien nie.

Maar weet julle wat? Al het julle nie gedoen soos ek gevra het nie, wil ek vandag graag vir julle elkeen die prys gee! Al moet ek nie eintlik nie.

Hierdie speletjie was eintlik om vir julle te wys wat ons volgende woord is. Hierdie woord is genade.

Ons lees in die Bybel oor genade, maar ek weet baie van ons verstaan nie wat dit beteken of hoe bly en dankbaar ons moet wees vir God se genade nie. Kom ons kyk gou wat die woord genade beteken.

**Aktiwiteit 2: Straf uitdeel:** Gee vir die kinders die uitdeelstuk met die verskillende sondes op. Gee vir die kinders tyd om strawwe uit te dink vir elke verkeerde ding wat op die lys genoem word. Knip voor die tyd Genade uit (aan die einde van die les). Kry terugvoering by die groepe oor die strawwe wat hulle uitgedink het.

Dink julle dat julle goeie strawwe uitgedink het vir al daardie verkeerde dinge? As iemand sulke lelike dinge doen, dink julle hulle verdien daardie strawwe?

Gee vir elke kind 'n Genade wat jy uitgeknip het. Laat hulle na die woord kyk en lees dit hardop. Nou kry elke kind 'n kans om op hulle groep se uitdeelstuk, in die blokkie waar die straf geskryf is, hulle genade in die blokkie te plak.

Ek het 'n vers in die Bybel wat ek graag vir julle wil lees. Luister gou hier.

**Romeine 6:23 sê:** Onthou: as mens sonde doen, dan is die dood jou betaling. Maar God gee die ewige lewe verniet aan almal wat in Christus Jesus as hulle Here glo.

Geneem uit: Die Bybel@kinders.co.za, bl1230, Redakteur: Hennie Stander

Maatjies, ons doen sonde. Elke mens verdien om hel toe te gaan oor die sondes wat ons doen. Ons verdien die straf vir ons sondes, maar God is vol genade. Hy het Jesus gestuur om ons straf te dra aan die kruis. Wanneer ons ons hartjies vir Jesus gee, sal ons nie hel toe gaan nie, al verdien ons dit. Dit beteken nou nie dat ons sommer aspris verkeerde dinge moet doen nie. Nee, ons moet reg leef.

Onthou dat ek netnou vir julle gesê het dat julle al die speletjies perfek moet doen, maar toe sê ek daarna ek sal dit maar vir julle gee. Ek het genade aan julle bewys. Kom ons geniet nou julle prys. (Deel die prys uit vir die kinders.)

Groepe sluit af met gebed.

.**Dink in die groep aan 'n straf wat julle sou gee vir die volgende verkeerde dinge:**

| | |
|---|---|
| Jok vir jou mamma oor hoeveel huiswerk jy het. | Steel iets by die winkel. |
| Slaan iemand by die skool. | Breek iemand se speelding aspris. |
| Skree op jou ouers. | Vloek |
| Kyk af in 'n toets. | Terg jou boetie of sussie. |

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade

Genade